Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2160 7 Mei 2021

So steel die blik**** sit-sit-so

Pretoria ook nou bankrot

(Die rede vir die hoofopskrif in Kommentaar op bl. 2)

Voormalige minister, Bongani Bongo, staan saam met elf ander tereg op 69 klagtes van korrupsie, bedrog, diefstal, geldwassery.

R9 miljard se belastinggeld is in twee jaar gesteel en die graderingsagentskap Moody's het die land se hoofstad se kredietgradering afgegradeer van Ba3 na B1, wat beteken dat waar die stad voorheen 'n beduidende kredietrisiko was, hy nou geklassifiseer word as 'n hoë kredietrisiko.

Die ouditeur-generaal het die diefstal van R9 miljard openbaar aan die parlementêre komitee vir maatskaplike ontwikkeling. Hy het bekendgemaak dat daar "nie rekenskap" gegee kan word van die bykans R9 miljard se belastinggeld vir die twee jare 2018 en 2019 nie. Verskeie staatsdepartemente en ander staatsentiteite word daarvoor aanspreeklik gehou, en "die regte verkrygingsprosedures word dikwels nie gevolg nie. Dit lei daartoe dat kostes opgeblaas word en dat diensverskaffers nie hul verpligtinge nakom nie," is die verduideliking wat aangebied is. Geen name is in die verband genoem nie.

Intussen blyk dit dat daar by Eskom net so woes gesteel is, sodanig dat die Nasionale Vervolgingsgesag ingevolge die Wet op die Voorkoming van Misdaad 'n beperkingsbevel van R1,4 miljard bekom teen voormalige Eskom-base en kontrakteurs van die voormalige Tubular Konstruksie. Hulle sluit in Eskom se voormalige senior bestuurder van kapitaalkontrakte, France Hlakudi, die voormalige groep-uitvoerende hoof van Eskom se kapitaalprojekte, Abram Masango, die voormalige hoof van Tubular konstruksie, Antonio Trindade, die sakeman Maphoko Kgomoeswana en die voormalige raadgewer vir Tubular Holdings, Michael Lomas. Van hul eggenotes word ook aangekla.

Daarbenewens is sowat R33 miljoen se belastinggeld vermors op 'n mislukte sogenaamde agripark in Westonaria. Dié bedrag is die afgelope vier jaar bestee om varsprodukte soos spinasie en blaarslaai

(Vervolg op bladsy 9)

TE KOOP

800 Hektaar plaas te koop in die hart van die blommewêreld
Vanrhynsdorp-area



* Woonhuis met drie wooneenhede (kothuise).
*Vier karavaan-staanplekke. * Twee ablusiegeriewe.
*Kantoor en werkskamer. * Motorhuis.
* Lapa met borrelbad.
* Drie standhoudende boorgate, ten volle toegerus.
* 4 x 10 000L opgaartenks + 2 x 2 000L reënwatertenks.
* Eskom krag. * Eie kragopwekker. * Drie gronddamme.

Koop 'n lopende besigheid. Prys op aanvraag.
Skakel **071 868 0413**

Die Redakteur

So steel die blik**** sit-sit-so

Waarom sal ons nou ’n opskrif soos dié hierbo en ook op die voorblad gebruik?

Wel, as gekyk word na die omvang van diefstal, rampokkery, korrupsie, bedrog en al die ander oneerlikheidsmisdade tree absolute woede en weersin in as die naarheid eers gewyk het. Is dit werklik moontlik dat dit alles op so ’n skaal kan plaasvind, sonder dat skuldiges noemenswaardig vasgetrek word, terwyl daar beloftes is dat korrupsie aangevat gaan word maar daar inderwaarheid niks gebeur nie?

Wie van ons sal nog die liedjie onthou “Hoe ry die Boere sit-sit-so”. Ons opskrif is op daardie trant opgestel. Sekere woorde of beskrywings wat by daardie ritme sou ingepas het, sou ons waarskynlik voor die Menseregtekommissie laat beland het vir sogenaamde haatspraak. Ander was weer baie kru, toe gebruik ons maar net die helfte van ’n kru-woord oor. Ons wou egter ’n punt baie sterk oordra en vra om verskoning vir moontlik sensitiewe lesers.

Dan is daar ook die gesegde dat ’n bok ’n bliks...kottel is. Hy steur hom aan geen reëls nie, drade is daar om deur geklim te word sodat die buurman se groener gras aan die ander kant gesteel kan word en in die proses verniel hy ook nog heelwat. Dit is presies wat ons hier sien.

Die diefstal wat gepleeg word, word helder oordag gepleeg, uit die sittende posisie van kantoorstoele en deur rekenaarskerms. Alles word sommer sit-sit-so verduister en gesteel.

Linkse media het die afgelope weke gekraai van lekkerte oor Cyril Ramaphosa se verskyning voor die Zondo-kommissie na Staatskaping. Ramaphosa was vriendelik en het grappies gemaak en dit sou volgens sekere linkse joernaliste en academici die land laat goed lyk. Die vertoning van die land se geldeenheid het egter nie gestyg nie, inteendeel en dit wys net hoe word mense aan die neus gelei.

Wat wel duidelik uitgekom het, was dat Ramaphosa in Zuma se tyd die hoof was van die ANC se kaderontplooiing – daardie selfde kaders wat aan die hoof van die staat gestel is en wat gevolglik die diewe is, want die blankes en ander kundiges is lankal weggejaag, het afgetree of sommer self weggegaan omdat werksomstandighede alles behalwe aangenaam vir hulle was.

Dit is die beleid van Swart Ekonomiese Bevoordeling, wat verkies om na velkleur te kyk in plaas van bekwaamheid, kundigheid en toewyding, wat hiervoor bedank moet word. Mense in magsposisies word nou verbind met skelmstreke. Nog nie almal is skuldig bevind nie, maar name wat genoem word, is Jacob Zuma, Bongani Bongo, Ace Magashule en talle ander kaders. Selfs Ramaphosa staan nie los daarvan nie met vrae oor die Bosasaskenking vir sy veldtog om ANC president te word.

Ace Magashule se tydelike skorsing sal ons geen rat voor die oë draai nie. Hy gaan nie net lê nie en bowendien waarom moet daar so lank gewag word voor opgetree word. Eers word die kans gegee om die sakke te vul en dan as troosprys is daar ’n skorsing.

Dolf Buitendach het in sy boek, “Semantiese Bedrog”, Swart Ekonomiese Bemagtiging beskryf as AAS. Hy het dit gestel vir Aandele Afpersing vir Swartes. Skielik kry AAS nuwe betekenis as gekyk word na wat gebeur. Dit is nie eens net meer aandele afpersing nie, daar word doodgewoon ge-AAS. Die AASvoëls is die swartes wat deur “*affirmative action*” daar geplaas is en wat die ANC-lede is wat deur hulle kaderontplooiing daar geplaas is. Hierdie is ’n feit soos ’n koei.

Hoe lank die blanke belastingbetaler hiermee gediend gaan bly, sal gesien moet word. Hoe ver moet ons uitgemergel en besteel word, terwyl daar uit die staatskas niks meer na ons kant kom nie?

Die Afrikaner

Tel.: 079 752 4898 admin@hnp.org.za

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mev. Alet Murray
Ds. Gideon Grobler
Mnr. Rudolf Buitendach

HNP se landposadres
Posbus 18826,
Pretoria-Noord, 0116

So is ons verraai (40)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

BOERE-AFRIKANER WEERSTAND TEEN DIE DREIGENDE VERLIES VAN VRYHEID, 1990-1993 (2)

Die strewe na eendrag: die Afrikaner Volksfront (AVF)

Vroeg in 1993 was die ANC en NP se "onderhandelinge" al ver gevorder, en dit het duidelik geword dat effektiewe teenstand buite die kwessie was tensy die verskillende organisasies wat na selfbeskikking vir die Boere-Afrikaner gestreef het, as 'n verenigde front sou optree. Gevolglik het die BKA en VEKOM dié organisasies in April 1993 byeengebring met die doel om 'n oorhoofse sambreelliggaam te vorm wat hulle onder 'n enkele vaandel kon saamsnoer. Die inisieerders van hierdie aksie het besef dat militêre optrede uiteindelik nodig mog wees om selfbeskikking teweeg te bring, en daarom het hulle ook afgetrede weermag- en polisiegeneraals genader om deel van die beoogde sambreelliggaam te word — in besonder was die oog op genl. Constand Viljoen gevestig.

Potchefstroom 6 Mei 1993. 'n Groot, veglustige vergadering van ongeveer 20 000 BKA-lede en ander boere het aanhoudend vir genl. Viljoen toegeroep "lei ons!" waarná hy die leier van die BKA geword het. Die grootste aantal van hierdie mans was militêr opgelei. Voor 1991 het wit Suid-Afrikaanse mans twee jaar militêre diensplig ondergaan, en baie BKA-lede was steeds as deeltydse soldate by kommando's en burgermageenhede van die SA Weermag betrokke en dus bewapen. Viljoen het onmiddellik almal wat nog nie by die kommando's betrokke was nie, aangeraai om aan te sluit, sodat hulle wapens en opleiding kon ontvang. Hy het later verklaar dat hy 65 000 opgeleide manne tot sy beskikking gehad het (*Stiff: 545*).

Pretoria 7 Mei 1993. Die BKA en VEKOM se strewe na eendrag het tot die formele stigting van die Afrikaner Volksfront (AVF) gelei. Dit was 'n sambreelliggaam wat uit ongeveer twintig ledeorganisasies bestaan het. Die belangrikste van hulle was die KP, BKA, AWB, AVU, AVSTIG, die landbou-unies TLU en VLU, vakbonde soos die MWU en Yster en Staal, en die TMV wat die meeste munisipale werkers en raadslede in Transvaal verteenwoordig het. Nadat die ANC/NP-"onderhandelinge" teen die einde van 1992 rampspoedig vir die blankes geëindig het, het FW de Klerk se steun, selfs in sy eie party, dramaties gekrimp, en met die stigting van die AVF het dié front wyer steun geniet as die somtotaal van al sy lede; trouens, dit het moontlik die meerderheid van Boere-Afrikaners verteenwoordig (*Jonker:201- 202; 218*).

Die AVF-leiding het uit die staanspoor uit 'n politieke en 'n militêre komponent bestaan. Die politieke leierskap, in die vorm van 'n "Uitvoerende Raad", is deur die KP gedomineer weens 'n besluit dat dienende lede van die parlement elk 'n setel daarop sou hê. Dr. Ferdi Hartzenberg — in daardie stadium leier van die KP — het voorsitter van die AVF se Uitvoerende Raad geword. Die militêre leierskap was gevestig in 'n "Direktoraat van generaals" wat bestaan het uit vyf voormalige polisie- en weermaggeneraals onder aanvoering van genl. Viljoen (*Jonker: 216-218; Potgieter: 28-48; Stiff: 536*).

Die AVF het die volgende oogmerke gehad:

1. Om die gefragmenteerde "regse vleuel", wat bestaan het uit 'n klomp organisasies wat na onafhanklikheid vir die Boere-Afrikaner gestrewe het, saam te snoer.

2. Om territoriale selfbeskikking vir Boere-Afrikaners in 'n gedeelte van Suid-Afrika (d.w.s. 'n Volkstaat) vóór 'n swart oorname van die land te verkry. (Dit was in hierdie laat stadium dat die oorwegende denke in die KP begin swaai het na onafhanklikheid in 'n verkleinde deel van Suid-Afrika ten einde die ongunstige demografiese verspreiding van Boere-Afrikaners oor die hele land, te bowe te kom).

3. Om die veelrassige COSAG-alliansie te steun in sy pogings om etniese selfbeskikking vir diegene wat dit begeer het, te verseker.

4. Om te help met die totstandkoming van 'n veelrassige konfederasie van state wat sou bestaan uit die verskillende gebiede wat COSAG beoog het.

Die AVF se plan om hierdie doelwitte te bereik, was as volg:

(Vervolg op bladsy 4)

(Van bladsy 3)

1. Die eerste fase sou die vestiging van 'n magsbasis behels deur massasteun onder die Boere-Afrikanergemeenskap te werf. Dit het 'n intensiewe werwings- en propagandaveldtog ingesluit en die AVF het in 'n kort rukkie merkwaardige sukses daarmee behaal.

2. Gedurende die tweede fase sou gepoog word om die AVF-doelwitte deur middel van onderhandelinge met al die rolspelers, insluitend die ANC en regering, te bereik.

3. Sou dit nie slaag nie, sou daar in die derde fase tot verskeie vorms van buite-parlementêre politieke druk, insluitend passiewe weerstand, oorgegaan word.

4. Indien laasgenoemde optrede steeds nie geslaagd sou wees nie, sou die Front hom in die vierde fase tot 'n militêre veldtog wend om sukses by die onderhandelingstafel te verseker; en sou sesessie van 'n Boere-Afrikanergebied as 'n laaste uitweg oorweeg word (*Stiff: 536; Potgieter: 46-47*).

Alhoewel dit nooit amptelik so besluit is nie, is daar tog algemeen aanvaar dat die BKA die hoof militêre komponent van die AVF sou wees, en kort voor lank was sommige van hulle lede in ondergrondse selle met voldoende hoeveelhede wapens en plofstowwe georganiseer. Die idee was egter dat die bewapening van die AVF uit die SAW en SAP se magasyne sou geskied indien en wanneer alle vreedsame pogings sou misluk het en 'n Volkstaat slegs deur militêre ingryping bereik sou kon word (*Potgieter: 50, 87-88, 209, 262; Stiff: 545; Jonker: 215-216*).

Gedurende Junie 1993 het die AVF gesprekke met die regering gevoer en hulle eis vir territoriale selfbeskikking herhaal. Die AVF het ook geëis dat die regering die ondernemings wat die NP tydens en ná die 1989 verkiesing gegee het, gestand moes doen en 'n verkiesing of referendum moes hou waardeur die blanke kiesers hul goedkeuring al dan nie kon gee vir die resultate van die regering se onderhandelinge met die ANC, voordat enige grondwetlike veranderinge in werking gestel sou word. Soos met ander soortgelyke versoeke, het hierdie eise in totaliteit op dowe ore geval (*Stiff: 537*).

Die AVF het gevolglik besluit om 'n protesaksie later daardie maand by die Wêreld Handelsentrum, waar die NP/ANC-"onderhandelings"vertoning plaasgevind het, te hou. Die doel daarvan was om die eensydigheid van die hele gedoente onder die aandag van Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap te bring en die eis vir territoriale selfbeskikking te beklemtoon. Die leiers sou die AVF se eise in die teenwoordigheid van die media aan die "onderhandelaars" in die gebou stel, gesteun deur 10 000 Boere-Afrikaners van 'n verskeidenheid organisasies, wat op die terrein byeen was. Genl. Viljoen en dr. Ferdi Hartzenberg is binnegelaat, maar die ander leiers moes buite langs die grens van die terrein saam met die groeiende skare wag. Toe die polisie uiteindelik die hekke oopmaak, het die skare en 'n gepantserde voertuig van die AWB die terrein rustig binnegegaan. Die deure van die gebou het egter gesluit gebly. Omdat die ander leiers steeds buite moes bly, het gemoedere opgevlam en het die gepantserde voertuig deur 'n glaspaneel van die gebou

(Vervolg op bladsy 12)

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die Program van Beginsels van die HNP — Grondwet vir die Boere-Afrikanervolk (6)

Andries Breytenbach

Artikel 4 van ons beginsels handel oor die **instelling, doel en gesag van ’n Afrikanerstaat**. Dit lui soos volg:

> *4.1 Die HNP streef na die vestiging van ’n eie, soewereine staat vir die Afrikaner- ofte wel Boerevolk in ’n eie vaderland onder ‘n volkseie owerheid. Sodanige staat sal gevestig word met die doel dat die staat al die opdragte vervat in die Woord van God om die goeie te doen en die deurwerking van die kwaad te stuit, sal nakom.*
>
> *4.2 Daarom word die reg van die owerheid om die swaard te dra, erken en aanvaar omdat die owerheid sy gesag van God ontvang en in die eerste plek aan God verantwoording verskuldig is vir die manier waarop hy sy dienswerk uitvoer. In die tweede plek is die owerheid ook verantwoording verskuldig aan die volk wat hom daarstel.*

In art. 4.1 word ons volk se verbintenis tot nasionale vryheid ondubbelsinnig uitgedruk. Wyle genl. JBM Hertzog het by geleentheid gesê dat die strewe na vryheid die hoogste ideaal is waarna ’n volk kan streef. Hierdie vryheidsideaal was die dryfveer agter die Groot Trek, die bloedige vryheidsoorloë, die 1914-rebellie en die lang politieke stryd ná die Tweede Vryheidsoorlog totdat ons in 1961 weer ’n republiek geword het.

Dit verstom ’n mens dat ons volk ons roemryke geskiedenis so maklik kon vergeet en toegelaat het — selfs aktief meegewerk het — om ons vryheid sommerso prys te gee, en die politieke gesag oor ons land en volk aan ’n swart massa onder aanvoering van ’n kommunistiese bende terroriste oor te dra. As daar ’n sonde van hierdie volk is wat met groot erns bely moet word, is dit hierdie een.

Eweneens is dit verstommend dat volksgenote wat hulle weliswaar vir “selfbeskikking” beywer, kan kibbel oor wát “selfbeskikking” nou eintlik beteken en wat ons in die huidige omstandighede moet probeer bereik: is dit interne selfbeskikking? Is dit kulturele selfbeskikking? Is daar dalk ander “modelle” of vorms van “selfbeskikking” behalwe die tradisionele wat ons altyd nagestreef het? Die “nuwe wêreld” vereis mos glo “nuwe denke” oor dié sake. In werklikheid is dit alles ’n gespeel met woorde om ons aandag af te lei van die een duidelike ideaal waarvoor ’n volk met selfrespek alles veil moet hê, naamlik die **vestiging van ’n eie, soewereine republiek vir óns volk in ’n eie vaderland onder ’n volkseie owerheid** — en onder ‘n Grondwet vir die land wat die oppergesag van God erken. Die wette wat ons bestaan reguleer, moet dus op die grondslag van Gods Woord berus, en nie op 'n sekulêre grondwet wat God en sy Woord misken nie. Slegs dan kan die volk se morele waardes erkenning en beskerming geniet op alle vlakke van die volkslewe. In dié republiek sal ons self besluit wat vir ons volk reg en verkeerd is en daarvolgens sal ons ons regstelsel en maatskaplike orde bepaal. Ons begrip van reg en verkeerd is nie willekeurig nie, dit spruit uit ons geloof in God en ons verstaan van sy Woord, asook ons oorgeërfde Westerse godsdiens, kultuur en regsopvattinge.

Dit spreek vanself dat die owerheid wat hier in die gedagte is, ’n volkseie owerheid is, gekies deur die volk en uit die volk, en een wat sy verantwoordelikheid teenoor God, van Wie hy sy gesag ontvang, en teenoor die volk wat hom verkies, ken en nakom. Oor hierdie saak (die verband tussen God wat die gesag gee en die volk wat die owerheid kies) kan veel en diep gefilosofeer word. Hierdie is nie die plek daarvoor nie. Hier word slegs die beginsel gestel dat owerhede ’n instelling van God is en dat hulle met gesag beklee word om te verseker dat orde in die samelewing gehandhaaf word. Daarom kon Jesus aan Pilatus, wat sy eie magsposisie aan Hom voorgehou het, sê: “U sou geen mag teen My hê as dit u nie van Bo gegee was nie.” Daardie uitspraak was ook ’n vermaning aan Pilatus (en enige ander owerheid) om die mag waarmee dit beklee word, reg en met Godsvrees te gebruik.

Die erkenning dat die owerheid sy gesag van God ontvang, ontneem ons nie die reg en verpligting om ons te beywer vir vervanging van ’n volksvreemde owerheid met ’n volkseie een, of vervanging van ’n slegte owerheid met ’n goeie een nie. Inteendeel, met betrekking hiermee het ons ’n dure plig, en nou moet ons nie die Here beskuldig vir die gemors waarin ons ons bevind nie; dit was die kiesers se klakkelose stemmery vir die verloopte NP toe dit reeds duidelik was waarheen hulle besig was om die land te lei, wat ons daarin gedompel het.

Volgende keer kyk ons na die verhouding tussen ’n Afrikanerowerheid en sy burgery en hulle onderskeie verantwoordelikhede.

Buiteland

Neurenberg 2.0 op die horison

Dr. Reiner Fuellmich (foto), ’n verbruikersregprokureur van Duitsland en ook aktief in Kalifornië, berei tans die grootste groepsgeding in die geskiedenis voor, 'n soort "Neurenberg 2.0".

Fuellmich glo dat hy met sy regsaksies op die punt van ’n deurbraak staan “omdat hulle soveel foute maak. Ek dink nie al hierdie newe-effekte van entstowwe is deel van die plan nie.”

Hy beweer dat hy ‘’n fluitjieblaser by sy aksie kan insluit wat beweer die oorspronklike plan was om die Covid-pandemie in 2050 in werking te stel. Maar toe raak diegene wat hierby betrokke is, gulsig en vervroeg dit eers na 2030 en uiteindelik na 2020.

“Die punt is dat ons die bewys het,” sê Fuellmich. “Ons het nou al met meer as honderd wetenskaplikes en ander mense gesels, en dieselfde mense wat voor ons komitee getuig het, kan in die hof getuig ...”

Sy gevolgtrekking van die hele Covid-pandemie is dat dit ’n onsigbare oorlog om die mense se soewereiniteit is. Hy sê inperkings, maskers, sosiale afstand en ander maatreëls het niks met 'n virus te doen nie. “Covid 19 — as dit hoegenaamd bestaan — is so sag soos griep. Foutiewe toetse is die basis van hierdie valse pandemie. Die entstof moet vermy word,” is sy advies.

Intussen sê ‘’n ander Duitse advokaat, Beate Bahner, ’n spesialis in mediese reg, dat beplande wysigings aan wetgewing ter beskerming van infeksies, wat tans voor die Bundestag parlement dien, veel verder strek as krygswet. Sy beskryf dit as die “grootste staatsgreep sedert die einde van die oorlog” en die “einde van alle vryhede, die volkome vernietiging van regte en die permanente uitwissing van demokrasie”.

“Die nuwe beplande wet op die beskerming van infeksies is om permanente inperkings en ’n permanente kontakverbod daar te stel. Dit is nie net die totstandkoming van 'n permanente noodtoestand nie, die regulasies van die wet strek veel verder as krygswet.”

Linkse Fransman kry eie medisyne

’n Pro-immigrante aktivis het sy rieme lelik styf geloop met die einste groep mense vir wie se gewaande “regte” hy opkom.

Die Franse magnaat en voormalige Adidas-eienaar, Bernard Tapie, en sy vrou, is deur vier immigrante aangeval in 'n gewelddadige inbraak by hul huis in Combs-la-Ville naby Parys. Volgens 'n polisiebron was drie van die vier verdagtes van 'n "Afrika-tipe" en een van 'n "Noord-Afrikaanse tipe". Die vier aanvallers het skynbaar toegang tot die egpaar se landgoed verkry voordat hulle deur die venster van een van die slaapkamers op die eerste verdieping na binne gegaan het. Hulle het skynbaar die uitleg van die huis geken.

Die egpaar is met elektriese toue vasgebind, fisies aangerand en beroof. Bernard Tapie (78), wat kort 'n minister in die regering was, was nog altyd 'n uitgesproke voorstander van immigrasie. Hy het met sy martelaars probeer redeneer om hulle hiervan bewus te maak. Maar toe Tapie aan die aanvallers sê dat hy altyd vir migrante opgestaan het, antwoord een van die martelaars: "F** julle, die tyd is verby!"

Tapie en sy vrou, Dominique (70), het geslaap toe die aanvallers hulle gekonfronteer het. Hulle is wakker gemaak met flitse in die gesig, uit hul bed gesleep, aangerand en vasgebind, waarna die skurke wou weet waar die kluis is. Hulle het Dominique in die gesig geslaan, terwyl Tapie op sy beurt 'n hewige hou met 'n stokkie agter die kop gekry het wat hom deurmekaar gemaak het.

Jean Messiha, 'n Egipties-gebore Franse ekonoom en voormalige senior staatsamptenaar by die ministerie van verdediging en wat tans die hoof is van die nuutgestigte regsgesinde Apollo-instituut, het getwiet dat dieselfde Bernard Tapie, wat vir Jean-Marie Le Pen beskuldig het van leuens oor die verband tussen onveiligheid en migrasie-inval, nou deur die werklikheid ingehaal is en sommer droogweg bygevoeg: “Word gou gesond!”

Franse weerstand groei teen immigrante

Die Franse anti-immigrasie vereniging, Génération Identitaire (GI), is deur die staat ontbind, maar hulle betwis dié proses.

Tydens die summiere verhoor was GI se advokaat, Pierre Robillot, van mening dat die vereniging slegs kwessies "bevraagteken", in ooreenstemming met die openbare debatte oor hierdie onderwerpe. Maar die staat verskil daarmee en hulle aanklag is dat GI enige immigrant as 'n moontlik gewelddadige persoon sien wat waarskynlik tot aksie kan oorgaan. Daar is 'n outomatiese verband tussen geweld, immigrasie en onveiligheid, het Pascale Léglise, die adjunkdirekteur van regsake by die Ministerie van Binnelandse Sake, tydens die verhoor gesê.

Pascale Léglise het verskillende slagspreuke van die anti-immigrasie vereniging aangehaal, wat gedurende hul negejarige bestaan gebruik is, soos: "As u u huis verlaat, is u nie meer veilig nie", "Die skuim kan toeslaan", "Ons verwelkom hulle, hulle sny ons kele af ", “Immigrasie, inval”.

In die ontbindingsbesluit beskuldig die regering die vereniging van “aanhitsing van diskriminasie, haat en geweld” en “bereidwilligheid om as 'n private burgermag op te tree”. In reaksie het GI 'n appèl by die Staatsraad ingedien.

Volgens GI se prokureur is die verband tussen immigrasie en terrorisme, en meer algemeen onveiligheid, iets wat deel uitmaak van die openbare en politieke debat. Robillot het verskillende politieke figure wat oor die onderwerp gepraat het, aangehaal, waaronder president Emmanuel Macron. In hierdie konteks neem GI bloot 'n vaste en harde posisie in, wat bestaan uit die tersydestelling van humanitêre oorwegings om die veiligheid van die mense op Franse grondgebied te verseker.

Die ontbinding van GI het plaasgevind nadat die Ministerie van Binnelandse Sake die afgelope maande reeds drie verenigings geïdentifiseer het wat daarvan beskuldig word dat hulle na aan die Islamitiese bewegings sowel as dié van die Turkse ultra-nasionalistiese groep "Grey Wolves" was na die sluipmoord op Samuel Paty in Oktober 2020.

Mike Pence weer in openbare oog

Die voormalige Amerikaanse visepresident, Mike Pence, keer terug na die stryd om die toekoms van Amerika. Hy is tans voorsitter van “Advancing American Freedom” (AAF), 'n groep wat wil voortbou op die prestasies van die Trump-regering en wat konserwatiewes wil saamtrek.

"AAF beplan om voort te bou op die sukses van die afgelope vier jaar deur tradisionele konserwatiewe waardes en die suksesvolle beleid van die Trump-regering te bevorder," het Pence in 'n nuusverklaring op die groep se webwerf gesê.

"Konserwatiewes sal nie stilstaan terwyl die radikale linkses en die nuwe regering probeer om Amerika se status as die grootste nasie ter wêreld te bedreig met hul vernietigende beleid nie."

Die doel van die groep is om ondersteuners van oud-president Donald Trump en tradisionele konserwatiewes te verenig om voor te berei vir die middeltermynverkiesing in 2022 en daarna.

“Onder leiding van president Trump en vise-president Pence, het Amerikaners ongekende welvaart beleef. Die beleid wat tot hierdie prestasies gelei het, word nou aangeval deur die radikale linkses in die Biden-regering,” het Paul Teller, uitvoerende direkteur van AAF, gesê.

Die groep se leierskapsraad sluit belangrike figure van die Trump-administrasie en hoëprofiel-konserwatiewes in, waaronder die voormalige senior raadgewer van die president, Kellyanne Conway, die voormalige speaker van die huis, Newt Gingrich, ‘n voormalige Amerikaanse ambassadeur, Callista Gingrich, die voormalige direkteur van die Amerikaanse Nasionale Ekonomiese Raad, Larry Kudlow, en advokaat Ed Meese, 'n adviseur van oudpresident Ronald Reagan.

Die webwerf beklemtoon steun vir godsdiensvryheid, skoolkeuse en opposisie teen aborsie as kernwaardes.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
072 229 2148

Israelse navorsers waarsku oor entstowwe

Die Israel Peoples Committe (IPC), 'n burgerlike liggaam wat bestaan uit vooraanstaande Israeliese gesondheidskenners, het sy April-verslag oor die newe-effekte van die Pfizer-entstof bekend gemaak. Die bevindings is katastrofies op elke moontlike vlak.

Hulle uitspraak lui dat “daar nog nooit 'n entstof was wat soveel mense benadeel het nie”.

Die verslag meld dat daar gereeld gehoor word van bloedklonte wat veroorsaak word deur die Astra-Zeneca-entstof, maar daar was op ’n enkele dag omtrent 300 gevalle van bloedklonte in Europa na toediening met die Pfizer-entstof.

“Volgens die data van die Sentrale Buro vir Statistiek was daar in Januarie-Februarie 2021, op die hoogtepunt van die Israelse massa-inentingsveldtog, 'n toename van 22% in die totale sterftesyfer in Israel in vergelyking met die vorige jaar. In werklikheid was Januarie-Februarie 2021 die dodelikste maande van die afgelope dekade, met die hoogste totale sterftesyfers vergeleke met ooreenstemmende maande in die afgelope tien jaar.”

Die IPC bevind dat die toename in die totale sterftesyfer in die ouderdomsgroep 20-29 jaar dramaties was. In hierdie ouderdomsgroep is 'n toename in die totale sterftesyfer van 32% in vergelyking met verlede jaar.

Die IPC onthul ook dat die risiko van dood na die tweede entstof hoër is as die risiko vir die dood na die eerste entstof.

Sterftes is egter nie die enigste risiko wat inenting inhou nie. Die IPC onthul dat op die datum van die publikasie van die verslag, 2 066 verslae ontvang is oor verwante toestande, wat daarop dui dat feitlik elke orgaan in die menslike liggaam negatief geraak word deur die inentings. Hulle ontleding het 'n relatiewe hoë persentasie hartverwante toestande gerapporteer, soos dat 26% van alle hartverwante gebeurtenisse het voorgekom by volwassenes tot 40 jaar, met die mees algemene diagnose in hierdie gevalle was myositis of perikarditis. Daar is ook 'n hoë mate van massiewe vaginale bloeding gerapporteer, asook neurologiese skade en skade aan die skelet- en velstelsels. Daar moet opgelet word dat 'n beduidende aantal verslae van newe-effekte direk of indirek verband hou met hiperoaguleerbaarheid (infarksie), miokardiale infarksie, beroerte, miskrame, verminderde bloedvloei na die ledemate, longembolie ”.

In Israel is die regering daartoe verbind om kinders in te ent. Die IPC beklemtoon dat dit rampspoedig kan wees.

“Koloniale Spore” moet gewis word


PHILOSOPHIÆ
NATURALIS
PRINCIPIA
MATHEMATICA
IMPRIMATUR
S. PEPYS, Reg. Soc. PRÆSES.
LONDINI,

Sir Isaac Newton se historiese nalatenskap kom neer op 'n aktiwiteit in die koloniale era en moet geskrap word om die kurrikulum vir ingenieurswese aan die Sheffield Universiteit in die Verenigde Koninkryk te 'dekoloniseer '.

Newton, wat tot 1727 geleef het, het die grondslag van die moderne wetenskap gelê met sy teorie oor swaartekrag asook teorieë oor lig, tyd, kleur en calculus. Newton is die jongste historiese figuur wat die slagoffer is van vêrlinkses se strewe om kampusse te “dekoloniseer”. Dié waansin het veral toegeneem na aanleiding van die gewelddadige onluste van die sogenaamde Black Lives Matter (BLM)-beweging.

In sy werk, Principia, het Newton die bewegingswette en universele gravitasie geformuleer. Hy het sy wiskundige beskrywing van swaartekrag gebruik om Kepler se wette van planetêre beweging af te lei, rekenskap te gee van getye, die trajekte van komete, die neerslag van die eweninge en ander verskynsels, wat alle twyfel oor die sonnestelsel se heliosentrisiteit uit die weg ruim. In werklikheid het sy vergelyking vir universele gravitasie, geskryf in 1666 toe hy 23 was, meer as duisend jaar se Aristoteliese denke beëindig.

Maar Newton se drie bewegingswette, die kern van die moderne fisika, moet nou plek maak vir die "globale oorsprong en historiese konteks" van sy teorieë. Die ingenieursfakulteit beplan om “jarelange bewuste en onbewuste vooroordele” onder studente uit te daag om “Eurosentriese” en “wit redder”-benaderings tot wetenskap en wiskunde aan te pak en “inklusiewe ontwerp” te bevorder.

'n Uitgelekte eksemplaar van die “Ontwerp vir inklusiewe kurrikulumontwikkeling” wat die Londense weekblad, *Sunday Telegraph*, gepubliseer het, verklaar dat “baie belangrike ingenieursinhoud en kurrikulumbronne gebaseer is op wiskunde wat in die 18/19de eeu ontwikkel is”, terwyl baanbreker-wetenskaplikes, waaronder Paul Dirac, Pierre-Simon Laplace, Newton en Gottfried Wilhelm Leibniz “beskou

(Vervolg op bladsy 9)

(Van bladsy 8)

kan word as aktiwiteite wat gebaat het uit die koloniale era".

Dit is nie duidelik hoe Newton voordeel getrek het uit kolonialisme nie. Hy het aandele in die South Sea Company besit wat met slawehandel gedryf het, maar hy het £20 000 verloor - 'n destydse fortuin - nadat die maatskappy finansiële probleme opgetel het.

Sy biograaf, James Gleick, het kommentaar gelewer oor die voorneme om sy nagedagtenis te vernietig: “Of Newton se dwase belegging in Suidseeaandele in 1720 beteken dat hy aan die slawehandel deelgeneem het, is te betwis. Ek sou sê dat heel Engeland voordeel getrek het uit kolonialisme.”

Die "dekolonisering"-dryf is nie nuut nie. Onlangs het 'n professor in Oxford die musieknotasie as “kolonialisties” beskryf as die “aandadigheid aan wit oppergesag” van komponiste soos Mozart en Beethoven.

'n Woordvoerder van Sheffield het gesê dat die “dekolonisering van die kurrikulum” 'n voortdurende proses is wat hulle aanspoor om histories gemarginaliseerde of onderdrukte kennis in alle vakgebiede op te neem sodat al die studente die geleentheid het om hulself weerspieël te sien in wat hulle geleer word.

Intussen het die Ryksmuseum in Amsterdam, Nederland, ook met ’n bewusmakingsveldtog begin waarin Nederland se rol in kolonialisme en slawehandel uitgebeeld word en veral kinders in die ouderdomsgroep 9 tot 13 jaar word geteiken. Elkeen wat die museum besoek kry ’n boekie waarin die Nederlanders se bydrae tot slawehandel uitgebeeld word in ’n ooglopende poging om die jonger geslag groot te maak met ’n skuldgevoel oor hulle geskiedenis, sodat hulle nie deel moet word van die groeiende gevoel teen immigrante uit veral Afrika nie.

Maar die bekendstelling van "wokeism" aan die wetenskap roep die beroemde aanhaling van Newton op: "Ek kan die beweging van hemelliggame bereken, maar nie die waansin van mense nie."

Steel sit-sit so

(Van bladsy 1)

deur middel van ‘n vertikale hidroponikastelsel in die agripark te kweek. Van die kweektonnels is daar feitlik niks oor nie en slegs hier en daar het daar ’n paar plantjies blaarslaai en kool oorgebly. Die premier van Gauteng, David Makhura, het in sy provinsiale rede aangedui dat hy nog soortgelyke agriparke wil ontwikkel, sogenaamd om voedselsekuriteit en werkskepping in die landbousektor te verseker.

Die minister van onderwys, Angie Motshekga, moes erken dat ’n 100% terugkeer van leerlinge na skole nie haalbaar is nie. Tydens die sluiting van die skole tydens die Covid-gevangenskap is talle skole sodanig geplunder dat hulle nie ten volle kon heropen nie en verskeie sal waarskynlik nie meer kan open nie tensy daar etlike miljoene rande se herstelwerk gedoen word. Die staatskas is egter leeg besteel, sodat daar geen geld meer oor is nie en die bietjie wat daar nog oor is, word deur die geklike eise van die vakbonde opgeëis vir salarisverhogings vir stelende en nie-werkende amptenare.

Selfs by SARS, wat die geld van belastingbetalers moet invorder, gaan dit so beroerd dat werknemers se salarisse nog nie eens vir einde April betaal is nie.

In Nelspruit staan die voormalige minister Bongani Bongo saam met elf ander tereg op 69 klagtes van korrupsie, bedrog, diefstal, geldwassery en oortredings in verband met die Openbare Finansies Bestuurswet. Die klomp word verbind met ’n koop en verkoop van ’n R37,5 miljoen plaas in Oos-Transvaal. Bongi se voormalige vrou Sandile Nkosi is saam met hom gearresteer en die ander is sy broer Sipho, Robert Burwise, Patrick Donald Chirwa, Harrington Sizwakhendaba Dhlamini, Blessing Mduduzi Singwane, David Boy Dube, Vusi Willem Magagula, Bongani Louis Henry Sibiya, Elmon Lawrence Mdaka en Sibongile Mercy Mdaka.

Selfs Cyril Ramaphosa moes as ANC-president voor die Staatskapingskommissie van regter Zondo erken dat die ANC geknou word deur korrupsie. Dit is dus sy eie mense en partygenote wat daarvoor verantwoordelik is. Die feit dat Ace Magashule nou uit die ANC geskors is omdat hy ook nog teregstaan op talle klagtes wat verband hou met bedrog, diefstal en korrupsie, sal nie die beeld van die ANC as ’n korrupte bende verbeter nie, meen waarnemers.

Pretoria se afgradering deur Moody’s is te wyte aan veral die ANC-bestuur van die stad. Die tyd toe die opposisie-koalisie die stad bestuur het, was dit ook nie maanskyn en rose nie, maar dit was effe beter, maar sedert die ANC se administrasie weer oorgeneem het, het dit slegter gegaan. Die ekonoom Dawie Roodt verwag dat die inwoners weer gaan moet opdok deur verhoogde belasting en dienstefooie. Terwyl dit bekend is dat Mamelodi, Eersterust, Soshanguve en ander reeds miljoene agterstallig is met hulle rekening betalings, kan ’n blinde met ’n stok sien wie hierdie verhoogde tariewe moet opdok.

Kunstenaars kla dat hulle ook nie geld gekry het soos belowe in die inperkingstyd nie en die vermoede is dat daardie geld ook reeds tussen neus en ore verdwyn het.

Die grootste diefstal lê egter nog voor wanneer wetgewing aanvaar gaan word om onteiening van enige eiendom moontlik te maak sonder vergoeding.

Woord en wêreld



Die wonder van swaarkry

Deur Dr. Gideon Grobler

Skrifgedeelte: Jak 1:2 - 3 *Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.*

Oordenking: Jakobus sê dat ons dit louter vreugde moet ag as ons swaarkry, is dit moontlik?

Wanneer ons vanuit Christus na die omstandighede kyk, kan dit nie anders nie! As ek buite Christus staan, vanuit die wêreld na my omstandighede kyk en dit wil verklaar, word dit onmoontlik.

Iemand skryf (vry vertaal): "Om redes wat op een of ander manier tot my beswil is en uiteindelik tot eer van God, het die Here fisiese lyding in my lewensverhaal ingeskryf wat ek nooit self sou gekies het nie."

Daardeur leer Hy my om die wêreld anders te verstaan. Jakobus, so ook Paulus in Rom. 5:1-5 leer my dat swaarkry my leer dat lyding nie soseer 'n argument vir God se afwesigheid is nie, maar 'n bewys van sy teenwoordigheid. God gebruik my (as Sy kind)

Dr. Gideon Grobler

swaarkry om my te verander en gereed te maak vir die hemel. Dit is presies wat Hy belowe in Rom. 8:28: "...alles ten goede meewerk,.." alles, ook my swaarkry sal dien tot opbou van my lewe voor Hom!

Gebed: *Hemelse Vader, leer my asseblief om my swaarkry óók tot eer van U Naam te dra!*

AMEN

AfriSolar Supplies

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstraat 321
(h/v Koraalboom), Magalieskruin

R 6 900
(BTW uitgesluit)

1kW
Draagbare Toestel
Ideaal vir slaap apnee- en suurstofmaskers.

Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir 'n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, 'n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld. Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard. Ondersteun ons asseblief!

- Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening.

Die besonderhede is soos volg:
Absa Tjekrekening. Naam van rekening: **HNP**
Takkode: 632 005 Rekeningnommer: **020 001 348**
Verwysing: **U Van en Voorletters**
Stuur bewys van betaling na admin@hnp.org.za

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ‘n heelwat jonger Lettie aan ‘n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in ‘n ouetehuis..

Liewe sus Katrien,

Die najaar is mos vir my die lekkerste tyd van die jaar. Toe ons Saterdag weer almal onder die ou groot witstinkhoutboom gesit en vleis braai het terwyl sy blare soos goud op ons reën, kyk ek oor die grasveld wat ryp in die saad staan, dan op na die verre berge in sagte bloupers Pierneefkleure en ek moet myself knyp om seker te maak dat ons rêrig hier is waar ons in die vrye natuur in rus en vrede ons eie najaar kan uitleef.

Dit het nou gewoonte geword dat ons almal op Saterdae boom toe beweeg, elkeen met hul eie vleis en 'n bord vol verrassingskos. Hierdie keer het Bettie van haar heerlike verebeskuit wat sy in die bakoond gebak het, saamgebring.

"Dis 'n besondere lekker resep wat jy het, Bettie" kom dit van Maria wat besig is om die pappot nader na die kole te skuif.

"Ek het die resep destyds by 'n buurvrou gekry. Ai, en sy het vir my nog so 'n mooi storie daaroor vertel," sê Bettie. "Haar seun het met 'n pragtige, piepjong meisietjie getrou. Die arme dingetjie het haar bes probeer om vir hom kos te kook volgens sy ma se resepte. Op ‘n dag besluit sy toe om hierdie verebeskuit te bak. Sy het geknie en geknie en die deeg in 'n skottel gesit om te rys. Maar al wat wou rys is die deeg en dit word later tyd dat haar man van die werk af kom. Sy gryp toe die bol deeg en gaan begrawe dit langs die komposhoop. Die volgende oggend voor werk, gaan stap haar man in die tuin en kom terug met ‘n hand vol wit balletjies. “Kyk hierdie mooi sampioene wat langs die komposhoop opgekom het”, sê hy en gee dit vir die arme blosende vroutjie.

"Regte deegioene!" lag Maria.

Toe die ou boom se kaal takkies lang skaduweestrepe oor ons begin trek, maak Servaas keel skoon.

"Vriende, ons is wonderlik bevoorreg om so in die vrye natuur met ruimte om ons en in vrede met mekaar ons oudag te kan slyt. Ek dink al hoe meer aan ons vriende wat nie so gelukkig is nie. Dink julle nie ons kan hulle vir 'n Saterdagbraai oornooi nie? Neels en Naas, ons het julle dan alweer nodig. Kan julle nie hier op die meent vir ons 'n klein ablusiegerief bou nie? Dan is dit sommer ook hier vir ons Geloftedagvierings."

Die twee broers kyk na mekaar en hmmm en haaa.

"Servaas, ons het eintlik gedink ons wil binnekort begin bou aan 'n huis vir Neels," sê Naas.

'n Huis vir Neels?"

"Ja sien," sê Neels. "Ek kan mos nie dat Sienie ook in die woonwa intrek nie... jy sien Servaas, ons wil 'n bietjie trou."

Katrien, ek het jou mos gesê ek sien dit kom. En hier woon ons soos 'n klomp heidene nog steeds sonder 'n predikant.

Groete aan ou Swaer
Jou liefhebbende
Sus Lettie

Lesers sê hul sê

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. ***(Red.)***

Liewe Tannie Alet,

As daar nou een goeie byvoeging by ***Die Afrikaner*** is, is dit Alet Murray se *Liewe Sus Katryn*.

Daarom wil ek dankie sê vir *Liewe Tannie Alet* wat hierdie heerlike stukkie leesstof vir ons aanbied.

Self is ek ook nie meer heeltemal so jonk nie. My opvoeding was in 'n huis waar die Nat-Sap-oorlog nog gereeld gewoed het. Daarom is ek 'n Boervrou wat intens in ons volk se politiek en kultuur belangstel en is dit natuurlik die rede waarom ek ***Die Afrikaner*** so graag lees.

Maar *Liewe Sus Katryn* gee 'n nuwe dimensie aan ons tydskrif. Dis heerlike leesstof, verwyder van die ellendes van die lewe en *Liewe Tannie Alet* kry dit reg om net genoeg per episode te skryf, dat ons weet volgende week is daar 'n verdere verrassing.

Met *Sus Katryn* en **Sarel Super** se spitsvondighede sien ons werklik uit na die volgende uitgawe van ***Die Afrikaner*** en is ons ook bly vir die nuus van elders wat so angswekkend van ons weggehou word. Moenie ophou nie.

Davina Ellis
Kimberley

Nederlandse regstelling uit Duitsland

Bij de rubriek van **Sarel Super** ("En so begin die kaarte inmekaartuimel", ***Die Afrikaner*** 23 April 2021) is er een foutje ingeslopen.

De hier bedoelde Duitse maatschappij heet niet Winterthur, maar Wintershall. Deze firma plant en bouwt industrie-pojecten; deze was ook een klant van mijn vroegere werkgever Klöckner-Moeller.

Winterthur is echter een stad in Zwitserland, met een gelijknamige machinefabrik.

Ook in de rubriek van **Sarel** ("BLM se nuwe betekenis") wil ik het volgende opmerken:

BLM bestond er al 120 jaar geleden. Tijdens de 2e Vrijheidsoorlog hadden zwarten - in opdracht van de Britse aggressor Cecil John Rhodes en diens makkers Milner en Kitchener - in Transvaal en Oranje-Vrijstaat huizen en hoeven verbrand (Burn), mensen beroofd (Loot) en mensen vermoord (Murder).

Hans Knaap
Duitsland

(Ons het die brief nie vertaal nie aangesien ons glo ons lesers sal dit heeltemal kan volg. Red.)

Apartheid

(Van bladsy 4)

gebars. Die skare het gevolg en vir 'n rukkie het hulle die onderhandelingsvertrek oorgeneem. Die leier van die AWB, Eugéne TerreBlanche, het 'n toespraak gelewer terwyl Hartzenberg en Viljoen 'n petisie aan 'n afvaardiging van die onderhandelingsforum oorhandig het. Daarin het die petisionarisse hulle verbintenis tot die Christelike geloof en vreedsame verhoudinge met ander bevolkingsgroepe bevestig; en 'n unitêre staat, medeseggenskap van die ANC oor die veiligheidsmagte en opname van swart "bevrydingsbeweging"-bendes in dié magte, met beslistheid verwerp. Voorts is 'n algemene verkiesing of referendum oor die resultate van die NP/ANC-onderhandelings weer eens geëis.

Gedurende die loop van die dag het sommige gemaskerde persone in AWB-uniforms hulleself swak gedra — veral in die teenwoordigheid van die media se kameras — en verskeie swartes, insluitend Zoeloevroue, aangerand. Hulle gedrag was heeltemal teenstrydig met die AWB se optrede by die Zoeloe-hostels, waar lede van dié beweging soms met lewensgevaar voorrade vir die beleërde inwoners afgelewer het, soos in 'n vorige aflewering verhaal. Baie van die aanwesiges, insluitend dr. Hartzenberg, was vas oortuig dat hierdie gemaskerde boewe in werklikheid staatsagente was wat opdrag gehad het om die "regses" swart te smeer en 'n wig tussen hulle en hulle swart alliansievennote in te dryf — 'n gevolgtrekking wat 'n jaar later tydens die tragiese gebeure in Bophuthatswana herhaal sou word (*Jonker: 222, 224; asook 'n persoonlike onderhoud op 20/7/2016 met AWB-leierselement en ooggetuie van die gebeurde, N. Prinsloo*).

Toe die "Veelparty Onderhandelingsforum" sy konsepvoorstelle vir 'n tussentydse Grondwet 'n maand later (gedurende Julie 1993) vrygestel het, was dit duidelik dat die KP en sy COSAG vennote eintlik net blote toeskouers was wat absoluut niks in daardie forum vermag het nie. Hulle het daarop summier aan die "onderhandelinge" onttrek (*Jonker: 225*).

Wit bly wit

Dit bly altyd interessant om te sien hoedat politieke kruipery gewoonlik tot niks lei nie.

FW de Klerk het dit al agtergekom, toe hy as oorgee-ex-staatshoof op die parlementêre galery plek inneem vir die opening van die parlement en die swart rassiste van die EFF die sitting ontwrig omdat hy daar is. Inplaas daarvan dat hulle bly is dat hy sy eie mense verraai het sodat as gevolg daarvan die Rooipette nou die sagte groen kussings vol sit en hulle bankrekeninge met parlementêre salarisse en VBS-plundery volpak, is hulle kwaad vir hom. Hy is wit.

Dieselfde het die oud-joernalis van die superlinkse *Rand Daily Mail*, latere medewerker van die Black Sash, anti-apartheidsaktivis en danser van formaat in swart woonbuurte ter wille van DA stemme, Helen Zille, nou ook al agtergekom. Net soos die ou Genootskap van Regte Afrikaners gepraat het van Afrikaners met Engelse harte, het Helen se swart hart agtergekom sy het tog steeds maar 'n wit vel.

Met die swart op swart terrorisme in Mosambiek, waar die swart Moslems van Isis hulle swart Mosambiekse broers en susters vermink en vermoor en waar hulle in die strate van Palma loop en pronk het met die koppe van hul onthoofde slagoffers, kon Zille dit eenvoudig nie meer hou nie.

Sy gaan toe op sosiale media en vra nogal 'n billike vraag: waar is die Black Lives Matter (BLF)-beweging nou, of gee hulle net om oor swart lewens as hulle politieke punte 1. dáárúit / 2. daarúít kan slaan as blankes vir een of ander iets blameer kan word?

Summier word Zille toe self geroskam, want hoe durf sy so iets vra? Sy is dan wit en sy probeer nou net weer witbevoorregting verdedig.

Vergete is al haar aktivisme vir swart bevryding en haar vêrlinkse sentimente. Sy is en bly immers wit.

• *Laat dit 'n les van Afrika wees vir alle historiese kruipers, hedendaagse kruipers en voornemende kruipers: solank hulle jou hoor en jy klink soos hulle, word jy verdra. As hulle jou egter sien soos jy is, blank, tel dit wat hulle gehoor het nie meer nie. Wit bly wit en in wese onwelkom in Afrika, tensy jy 'n baie dik beursie het wat jy met graagte oopmaak.*

Swart teen Swart

Alhoewel die wit man altyd gesien word as die nommer een vyand in Afrika by die massas, is daar tog nog hier en daar redelikheid te bespeur.

Sarel was nogal redelik verras met die uitspraak van die landdros in die omstrede Piet Retief borgverhoor, waar ''n paar boere teregstaan op die beweerde moord op twee oënskynlike swart oproermakende gebroeders.

Landdros Sam Fankomo het nogal redelik kritiek uitgespreek teen die polisie, wat, soos gewoonlik, nie uitkom as daar iewers moeilikheid is nie en dus hopeloos te laat op die toneel opgedaag het.

Netso het die landdros die staat se vervolgingsgesag gekritiseer en reken die beskuldigdes se beweerde misdaad val nie onder skedule 6 nie, maar eerder onder skedule 5. Hy het geïnsinueer dat die staat dalk nie 'n sterk saak teen al die beskuldigdes het nie.

Sarel het sy uiterste bes gedoen om 'n foto van dié landdros Fankomo te bekom, maar sonder sukses. Niemand het eintlik in hom belanggestel nie, want die media wou eerder die kollig laat val op die beskuldigdes: blanke boere, en vergeet toe van die edelagbare. **Sarel** het wel enkele foto's van ander Fankomo's gesien en daaruit afgelei dat hy waarskynlik nie dieselfde

(Vervolg op bladsy 14)

(Van bladsy 13)

etnisiteit as die beskuldigdes het nie.

Natuurlik het die Rooipetbrigade “verraad” geskree en aangedui dat hulle die landdros by die landdroskommissie gaan rapporteer, omdat hy “borg aan die Ku-klux-klan” toegestaan het. Hulle reken dat landdros Fankomo, wat soos hulle lyk, behalwe dat hy nie ’n rooi pet dra nie, maar wel ’n rooi toga, die hoogste onbevoegdheid getoon het. En dan hierdie juweeltjie: “Dis regsverydeling wat 'n ongetransformeerde regbank toon”.

• *Hoe ver wil die EFF die regbank nog transformeer as dit reeds getransformeer is? So hier kom ’n nuwe swart teen swart konflik en* **Sarel** *sal net rustig op die stoep sy pyp suie en daardie gedoente gadeslaan.*

Te kragtig om waar te wees

As dinge te goed lyk om waar te wees, is dit waarskynlik te goed om waar te wees, lui die gesegde.

’n Klompie maande gelede, toe Eskom weer in een van sy beurtkrag fases was en almal weer warm onder die boordjie was omdat hulle die TV se propagandistiese pro-ANC nuus moes mis of nie kon sien hoe sportlui vuis in die lug hou vir BLM nie, is “oplossings” aan die goedgelowige bevolking voorgehou.

Natuurlik kom die beurtkrag saam met die 16% verhoging in elektrisiteitstariewe en toe die beurtkrag verby is, is almal so bly dat daar weer krag is, dat die 16% maar ’n weglaatbare prysie is om te betaal.

Nietemin, een van die oplossings was kragskepe. Karpowership was ’n maatskappy wat skepe na hawens stuur, hulle daar op die netwerk plaas en siedaar, alles opgelos.

Natuurlik was daar meer vrae as antwoorde en soos die tyd loop, word vrae al hoe meer. Die eerste vraag was natuurlik waarmee die skepe se kragopwekkers aangedryf sou word. Dit sou waarskynlik diesel wees en almal weet dat diesel se pryse wispelturig is.

Toe blyk dit inderdaad dat hierdie nie ’n goedkoop opsie gaan wees nie en verbruikers word weer gepaai met die gedagte dat die afwesigheid, of dan vermindering, van beurtkrag teen ’n prys moet kom. Maak dus reg dat die kragbote kragdadig jou beursie verder gaan ruk.

Die laaste nuus in die sage is dat daar probleme is met die tenders. Die saak is trouens so ernstig dat die saak al in die hooggeregshof draai. Hier word die man met die growwe stem, Gwede Mantashe, genoem omdat een van sy “medewerkers” by die korrupsie met die tenderproses betrek word.

Nou ja, as ’n land se adjunkpresident kan beweer dat hy nie geweet het hoë sy baas die staat kaap nie, hoekom sal ’n minister dan weet wat een van sy medewerkers aanvang?

• *Een van die dagblaaie wat hieroor rapporteer het se opskrif lui toe “Kragskepe toe uiteindelik soustreine?” Nee inderdaad nie. Dit blyk toe eerder sinkende skepe te wees en* **Sarel** *het van die begin af gedink hierdie storie is te kragtig om waar te wees en daar blyk dit nou te sink. Al waarvoor* **Sarel** *nou nog wag is om te sien watter rotte spring wanneer van dié skepe af!*

Nog ’n bedryf vernietig?

Wat doen mens deesdae in Suid-Afrika om iets ten gronde te dryf?

Maklik. Sorg dat die staat ’n seggenskap daaroor kry op een of ander wyse.

Die ry van staatslyke word elke dag langer: SAL, Denel, Eskom, Prasa, Poskantoor, elke liewe munisipaliteit.

Daar waar die staat plase oorgeneem het deur sy sogenaamde grondhervorming, is dit in meer as 95% van die gevalle ’n volslae mislukking, waar eens trotse plaashuise nog net murasies is, omdat die dak se sinkplate na die “informele nedersettings” van die stede geneem is, en vensterrame vir skrootyster verkoop is om spandeer te word by die plaaslike smokkelkroeg.

Steeds meer burgerlike- en sake-inisiatiewe kom tot stand om draaie om die verrotte staatsbestel te gooi en om sodoende die reeds sukkelende ekonomie aan die gang te hou, ten spyte van die regeringsinstellings wat lankal gefaal het.

Nou is daar pogings om die koeriersbedryf van spoor af te kry.

(Vervolg op bladsy 15)

(Van bladsy 14)

Die SA Poskantoor, wat reeds deur die ouditeur-generaal as bankrot bestempel is, wil nou skielik een of ander wilde terugkeer maak. Hulle is nou op pad hof toe (ja, sowaar hulle het nog geld oor vir hofsake...) om die hof te oortuig dat slegs hulle wat die Poskantoor is, enige briewe, poskaarte en pakkies van minder as een kilogram mag vervoer. Hulle beroep hulle skynbaar op 'n hofsaak enkele jare gelede waar die uitspraak min of meer dit bepaal het.

Deesdae is koeriers hoogs effektief en ook bekostigbaar. Binne twee dae kan enige dokument gestuur word en weer terug ontvang word. Gee daardie dokumente weer vir die Poskantoor en dit sal dalk afgelewer word as die Poskantoorstaking van drie weke verby is, of die dokumente raak verlore. Eish!

Dis juis om dié rede dat ***Die Afrikaner*** nie meer gedruk en versprei word nie. Intekenaars het weke gewag vir hul tydskrif en dan was alles al ou nuus. Buitendien het die Poskantoor onbekostigbaar duur en onbetroubaar geword. Nou wil hulle dit probeer terug wen, net om weer op te foeter.

• Maar nou ja, die koeriersdienste lewer 'n goeie diens. Dit werk. En die ANC hou nie van iets wat werk nie, want self werk hulle ook nie. **Sarel** *voorspel dat duiweboere in die toekoms weer 'n belangriker funksie gaan moet vervul deur posduiwe weer te aktiveer. Hulle sal baie betroubaarder en vinniger wees as SA Poskantoor!*

Staking kan dienslewering net verbeter

So van stakings gepraat, dit is natuurlik niks nuuts nie. Daar is altyd iewers een of ander vakbond wat dink hy dien sy lede se belang as hy hulle dwing om te staak. Stakings is natuurlik sonder betaling, dus die vakbondbase voel dit nie regtig aan hulle nie. Hulle arme lede voel dit egter wel, want hulle kry vir die tyd van staking niks nie, terwyl die vakbondbase steeds ruim vergoed word uit die opgepotte fondse waartoe die lede bygedra het.

Gewoonlik volg stakings op belaglike eise vir salarisverhogings. Dis natuurlik ook geen uitsondering nie.

Maar hierdie keer is die staat werklik so bankrot dat hy geen verhogings kan bekostig nie, selfs al gaan dit hom stemme kos tydens Oktober se plaaslike regeringsverkiesings. Dit sal die tweede jaar wees dat die amptenare geen verhoging gaan kry nie, maar hulle kry steeds meer as die privaatsektor, want die staatsdiens is die perfekte soustrein.

Intussen is die stakings nog nie in werking nie aangesien daar nog 'n 30 dae versoeningsproses is. Dus hulle sal begin staak sodra hulle moeg is...

*• **Sarel** sien uit na die staatsdiens staking. Dalk sal daar dan iets gebeur, want mét die amptenare op kantoor gebeur daar in elk geval niks nie. Dit kan net beter gaan as hulle vort is.*

Die Afrikaner

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

Hoe doen ons dit?

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan admin@hnp.org.za

Ons plaas u advertensie

1. in elke uitgawe van *Die Afrikaner*,
2. een maal per week op *Die Afrikaner* se Facebook-blad, en
3. stuur dit elke tweede week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op *Die Afrikaner* in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

Afrikaners help mekaar! Is u bereid om deel van dié te word?

Skakel gerus met Juanita by
admin@hnp.org.za

“Sy doodkry was (nog steeds) nie”

‘n Stel van 8 DVD’s (ook op ‘n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak)
of ‘n geheuestokkie.

‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

Op 2 Februarie 1990, 30 jaar gelede, het mnr FW de Klerk sy bekende **Rooi Vrydag-toespraak** gehou. Op daardie dag het hy aangekondig dat die SAKP ontban gaan word en dat die kommunis, Nelson Mandela, vrygelaat gaan word.

Dié toespraak, met die daaropvolgende onderhandelings met die ANC en die SAKP, die skryf van ‘n nuwe grondwet en die onwettige een mens een stem-verkiesing in 1994, het daartoe gelei dat die eens vooruitstrewende Suid-Afrika tot rommelstatus verval het.

Maar dit was nie net mnr FW de Klerk wat verantwoordelik was vir dié toestand nie.

Na die moord op dr HF Verwoerd was daar vir 25 jaar politieke toegewings wat gelei het tot mnr De Klerk se oorgawe.

Hoe lyk dié politieke geskiedenis? Wat was die politieke toegewings wat oor 50 jaar plaasgevind het?

Is daar teen dié toegewings gewaarsku, wal gegooi, weerstand gebied?

- Lees dit alles in die HNP se Gedenkalbum: ‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar!
- Die koste is R600 per boek. Koerier-koste is R100.

Bestellings en navrae:

Tel 079 752 4898
(voormiddag)

hnpvansa@gmail.com

Bankbesonderhede vir betalings

HNP	Absa Tjekrekening
Takkode	632 005
Rekeningnommer	020 001 348
Verwysing:	U van + Album